

Hoofstuk van die dag: Rigters 6

> *Waar is al (die Here se) magtige dade waarvan ons voorvaders ons vertel het toe hulle gesê het: ‘Het die Here ons nie uit Egipte bevry nie?’ (vers 13)*

Waar is die Here as ons Hom nodig het? Dís wat Gideon hier

vra. Die ironie is dat God reeds besig was om in te gryp terwyl Gideon kla. Maar Gideon sien dit nie raak nie, want hy soek wonderwerke reg uit die hemel, terwyl hý al die tyd God se plan was. Hý was God se wonderdade. Hy het dit nog net nie geweet nie.
Gideon is ’n bangbroek. Hy sê ook reguit dat hy nie die regte man vir die werk is nie (vers 15). Maar God soek nie noodwendig die mees bekwame mens, die een met die meeste selfvertroue of die sterkste wil nie. Hy soek iemand wat bereid is om gebruik te word. Want die nodige toerusting vir die taak gee Hy self.
Gideon het nie gedink hy is ’n geskikte kandidaat nie, maar God laat hom nie wegkom met sy verskonings nie.
Partykeer wonder ek of ons die Here genoeg kans gee om met ons te praat sodat Hy ons sover kan kry om ja te sê vir die werk waarvoor Hy ons nodig het.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026